


Die nederlaag van die Assiriërs



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

die volgende gedeeltes uit Jesaja – hfst. 36:1, hfst. 36:2-20, hfst. 36:21 tot 37:20, hfst. 37:21-38, en hfst. 38 en 39.

Geheeteks:

“Here, Almagtige, God van Israel, U wat oor die gerubs troon, U alleen is God oor al die koninkryke van die aarde, U het die hemel en die aarde gemaak” (*Jesaja 37:16, NAB*).

Die man is net vel en been, en loop kaalvoet saam met sy twee seuns. ’n Ander gesinnetjie het al hul besittings op ’n oswaentjie. Die diere wat dit trek, is uitgeteer. ’n Man is voor-op en lei die osse, terwyl twee vroue agterop sit. Die minderbevoorregtes wat geen waentjie het nie, moet maar alles op hul skouers dra. Orals waar ’n mens kyk, is daar soldate. ’n Stormram breek met ’n slag deur die stadspoort. Boogskutters wat bo-op die stormram sit, skiet na soldate op die muur wat hulle probeer keer. Oral is dit net ’n bloedbad. Spring vorentoe in die tyd. Nou sit ’n koning deftig op sy troon, besig om oorlogsbuit en ballinge te ontvang. Party van die ballinge nader die koning, arms in die lug. Hulle pleit om genade. Ander kniel of hurk voor hom. Hierdie tonele (van geplunderde mens en besittings wat voor die koning gebring word), word uitgebeeld op klip; telkens met inleidende byskrifte en uitdrukkings soos: “Sanherib, koning van die wêreld, koning van Assirië” en “sittende op ’n nemedutroon, terwyl die buit uit die stad Lagis ter goedkeuring voor hom verbygaan” (John Malcolm Russell, *The Writing on the Wall* [Winona Lake, Indiana: Eisenbrauns, 1999], bl. 137, 138). Hierdie reeks reliëfs (uitbeeldings op klip met ’n diepteverskil) wat die mure van Sanherib se paleis – ’n “paleis sonder gelyke” – versier het, is nou in die Britse Museum. Dit is hartverskeurend, die verhaal van die tragiese lot wat God se belydende verbondsvolk te beurt geval het!

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 13 Februarie.*

Met voorwaardes (*Jes. 36:1*)

Wat het met Juda gebeur? 2 Konings 18:13, 2 Kron. 32:1 en Jes. 36:1.

Met die dood van die ongelowige Agas en die kroning van sy seun Hiskia, het laasgenoemde 'n koninkryk ontvang wat sy onafhanklikheid deels verloor het. Nadat sy oorlede pa Assiriese hulp m.b.v. omkoopgeld bekom het ten einde die Israel-Sirië-alliansie teë te staan, is Juda gedwing om oor en oor vir daardie beskerming te betaal omdat hulle skatpligtig aan die koning van Assirië was. (*In eenvoudiger Afrikaans: hulle moes belasting betaal bloot om eer aan 'n magtiger land se heerser te betoon. Lees 2 Kron. 28:16-21.*) Toe die Assiriese koning, Sargon II, op 'n slagveld vêr daarvandaan gesneuwel het, is hy in 705 v.C. deur Sanherib opgevolg. Met daardie magsoorname het dit gelyk of Assirië in 'n verswakte posisie was. Bewyse uit Assiriese tekste en bybelbronne toon dat Hiskia hierdie geleentheid wou benut deur teen Assirië te rebelleer (*lees 2 Kon. 18:7*). Hy het beslissend opgetree deur eerste aan te val, en was die aanvoerder van die kleiner koninkryke in sy landstreek se opstand teen die Assiriese Ryk. Ongelukkig het Hiskia die veerkragtigheid van Assirië se magsbehoud lelik onderskat. In 701 v.C. toe Sanherib die ander dele van sy ryk suksesvol onderdruk het, het hy toegeslaan op Sirië-Palestina en Juda is geplunder.

Hoe het Hiskia die land op die komende Assiriese inval voorberei? 2 Kron. 32:1-8.

Toe Hiskia besef dat Sanherib van plan was om die hoofstad – Jerusalem – te beleër, het hy 'n omvattende aksieplan vir sy konfrontasie met Assirië van stapel gestuur. Hy het die vestingstrukture versterk, die weermag geherstruktureer en beter toegerus, en ook die bewaking van Jerusalem se watertoevoer opgeskerp (*lees ook 2 Kon. 20:20, 2 Kron. 32:30*). Die merkwaardige Siloam-watertunnel – deesdae met 'n gedenkplaat wat volledig beskryf hoe dit gebou is – dateer in alle waarskynlikheid uit die tyd toe Hiskia sy land op 'n potensiele besetting voorberei het. Benewens Hiskia se militêre en organisatoriese voorbereidings, het hy ook in 'n ander opsig die voortou geneem: hy was 'n geestelike leier vir die volk. So het hy dan in 'n tyd van groot benoudheid die mense probeer moed inpraat het. “Maar die koning van Juda het besluit om sy deel te doen in die voorbereidings om die vyand teë te staan. Nadat hy alles wat menslik moontlik was, gedoen het – alles binne die perke van destydse vindingrykheid, en waarvoor hy en sy mense die krag gehad het – het hy sy leër byeengeroep en hulle aangesê om moedig te stry” (Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 351).

Hoekom het Hiskia se baie moeite met menslike vorms van verweer gedoen as hy dan die Here vertrou het? Maak sy werke hier sy geloof ongedaan? Lees Filippense 2:12 en 13, wat gaan oor die feit dat ons saam met God moet werk?

Propaganda (*Jes. 36:2-20*)

Die konings van Assirië was nie net wreed nie, maar ook intelligent. Rykdom en mag – dit was hul strewe, en nie net om lande in te val en af te breek nie (*vgl. Jes. 10:13, 14*). Hoekom nou hulpbronne vermors deur ’n stad met geweld in te neem? Oortuig eerder die inwoners van daardie stad om hulle oor te gee. Sanherib is ’n goeie voorbeeld hiervan. Terwyl sy weermag besig was om Lagis te beleër, het hy sy *rabshāke* – ’n soort hooggeplaaste amptenaar wat in die OAB ’n “*rābsake*” en in die NAB ’n “hoofadjutant” genoem word – na Jerusalem gestuur om daardie stad m.b.v. propaganda in te neem.

Met watter soort argumente het die rabshāke Juda probeer intimideer? *Jes. 36:2-20*, lees ook 2 *Kon. 18:17-35* en 2 *Kron. 32:9-19*.

Die *rabshāke* het ’n aantal sinvolle argumente ten gunste van ’n oorgawe aangevoer – Juda kan nie op Egipte se hulp staatmaak nie omdat daardie land swak en onbetroubaar is; Juda kan nie op die Here staatmaak nie, want Hiskia het die Here aanstoot gegee omdat die koning al God se altare en berg-altare uit die land verwyder het met die bevel dat hulle slegs by ’n enkele altaar in Jerusalem moes aanbid; inderwaarheid is die Here aan Assirië se kant en het aan Sanherib gesê om Juda te vernietig; en laastens, dat Juda nie eers genoeg ervare ruiters vir 2,000 stryderperde het nie. Die slotsom? – ten einde ’n beleëring te voorkom, waarin julle almal sal honger ly, is dit beter om nou liewers op te gee en dan sal julle goed behandel word. Hiskia kan julle nie red nie; en omdat die gode van al die ander lande wat Assirië verower het, hulle nie kon red nie, sal julle God julle beslis ook nie red nie.

Was al dié dinge wat die rabshāke gesê het, waar?

Die dinge wat die rabshāke gesê het, was grotendeels waar. Derhalwe was hy vreeslik oortuigend. Dan was daar ook twee ander feite wat hy nie eens aangeroei het nie, wat sy hoofargument verder gerugsteun het. Eerstens het die rabshāke direk van Lagis af gekom, wat slegs 30 myl van Juda af was. Daar was die Assiriërs juis besig om aan die ganse wêreld te toon wat gebeur met ’n sterk omskanste stad wat waag om hulle teë te staan. Tweedens het hy ’n baie groot afdeling soldate uit die Assiriese leër by hom gehad (*Jes. 36:2*). Juda was bewus van die verskriklike lot wat ander weermagte en stadstate wat voor Assirië te staan gekom het, te beurt geval het (*insluitende Samaria, die hoofstad van noordelike Israel: 2 Kon. 18:9, 10*). Al daardie nasies het voor die mag van die Assiriese Ryk geswig. So, gesien vanuit ’n menslike oogpunt, was Jerusalem sonder twyfel gedoem (*vgl. Jes. 10:8-11*). Die rabshāke het ook nie gejok oor Hiskia wat al die offerplekke in die land afgebreek het ten einde aanbidding by die tempel in Jerusalem te sentraliseer nie (*2 Kon. 18:4 en 2 Kron. 31:1*). Die vraag is egter: het die Here – sy volk se enigste hoop – aanstoot geneem oor hierdie veranderinge aan die aanbiddingstelsel? Sou Hy hulle, en kon Hy hulle, inderdaad red? Hierdie vrae moes hulle maar in God se hande laat – dis al!

Ontsteld, maar nie in die steek gelaat nie (*Jes. 36:21 tot 37:20*)

Die rabshāke was besonder welsprekend. Watter uitwerking het sy woorde op Hiskia en sy amptenare gehad? 2 Kon. 18:37 tot 19:4, asook *Jes. 36:21 tot 37:4*.

Hiskia was hewig ontsteld en het vreeslik getreur. So wend hy hom dan tot die Here. In 'n gees van verootmoediging gaan hy na Jesaja en vra dat die profeet voorbidding vir die land doen. Ja, Hiskia klop dus aan by dieselfde profeet aan wie se raad sy oorlede pa hom nie wou steur nie.

Hoe het die Here vir Hiskia bemoedig? *Jes. 37:5-7*.

Die boodskap aan Hiskia was kort, maar nietemin kragtig: Die Here is aan sy volk se kant. Jesaja het ook voorspel dat Sanherib 'n gerug sou hoor, een wat sy planne om Juda aan te val, sou fnuik. Dié profesie is ook toe onmiddellik vervul. Sanherib is egter net tydelik van stryk gebring. Dit was ook nie lank voordat Sanherib 'n dreigement aan Hiskia gestuur het nie: “Moenie dat jou God op wie jy vertrou, jou mislei met sy versekering dat Jerusalem nie in my mag oorgegee sal word nie... Kon die gode van die nasies wat deur my voorgangers uitgedelg is, hulle red?” (*Jes. 37:10 en 12, NAB; lees ook 2 Kron. 32:17*). Dié keer is Hiskia reguit tempel toe om Sanherib se brief voor die Here van die leërskaar – die een “wat oor die gerubs troon” (*Jes. 37:14-16, NAB*) – oop te spreid.

'n Uiters belangrike aspek was hier op die spel vir Jerusalem. In sy gebed som Hiskia dit netjies op. Wat was dit? *Jes. 37:15-20*.

Sanherib teiken Hiskia se beste verweer in dié krisis: sy geloof in God. Tog gee Hiskia te midde van dié vuurdoop nie boedel oor nie. Nee, hy doen 'n beroep op die Here om sy almag aan die nasies te openbaar, want “dan sal al die koninkryke van die aarde weet dat U alleen, Here, God is” (*Jes. 37:20, NAB*).

Lees biddend deur Hiskia se gebed (*Jes. 37:15-20*). Op watter deel van God se karakter beroep die koning hom hier? Watter beginsel bespeur 'n mens in Hiskia se gebed, wat die gelowige die nodige moed en krag skenk om te midde van persoonlike krisisse getrou aan God te bly?

Die res van die verhaal (*Jes. 37:21-38*)

Volgens Sanherib se koninklike dagboek het hy 46 vestingstede ingeneem. Hy het Jerusalem beleër en het van Hiskia die Jood “’n gevangene in Jerusalem [gemaak], sy paleis soos ’n koutjie waarin ’n voël aangehou word” (James B. Pritchard [Red.], *Ancient Near Eastern Texts Relating to the Old Testament* [Princeton, New Jersey: Princeton University Press, 1969], bl. 288). Sanherib het ’n voorliefde vir propaganda gehad, waarmee hy sy ongelooflike groot ego gestreel het. Tog is daar geen aanduidings in woord- of prentjievorm dat hy Jerusalem ingeneem het nie. Nêrens spog hy daaroor nie. Hierdie weglating slaan ’n mens dronk (wel, ten minste menslik gesproke). Sanherib het immers oor ongekende mag beskik en was meedoënloos. Boonop het die Judeërs onder aanvoer van Hiskia teen hierdie magtige man en sy wêreldryk gerebelleer – en mense wat teen die Assiriese Ryk in opstand gekom het se lewens is sommer gou, en op ’n aaklige wyse, kortgeknip. Volgens hoogleraars kan ’n mens nie anders as toegee dat ’n wonderwerk in Jerusalem plaasgevind het nie, selfs al was die Bybel nie tot ons beskikking as ’n historiese bron nie. Die feit dat Sanherib, byvoorbeeld, die mure van sy “Paleis Sonder Gelyke” met reliëfs versier het, waarmee hy sy suksesvolle beleëring van Lagis op so ’n lewendige wyse laat uitbeeld het, lyk tog of dit gemaak is om ’n tanende beeld mee te poets. Voorts is dit ook suiwer genade dat die buit en ballinge in daardie reliëfs nie Jerusalem was nie! Die Stad van Dawid se lot word ook nie deur Sanherib nie, maar deur die Bybel oorvertel.

Wat is die res van dié verhaal? *Jes. 37:21-37*.

In reaksie op Hiskia se diepgelowige gebed, stuur die Here vir hom en sy mense ’n boodskap van versekering: hy is rasend van woede, hoe durf dié vermaande koning van Assirië waag om die lewende God te verkleineer (*Jes. 37:23*)! Daarna kom die Here dadelik sy belofte na om Jerusalem te beskerm (*2 Kon. 19:35-37, 2 Kron. 32:21 en 22, asook Jes. 37:36-38*). ’n Groot krisis benodig ’n groot wonderwerk – en groot was dit inderdaad. Die dodetal in die Assiriese kamp was hemelhoog: 185,000. So Sanherib moes maar sy goedjies pak en huiswaarts keer, waar dit ná sy aankoms ook neusie verby met hom was (*vgl. Jesaja se voorspelling in hfst. 37:7-38*). “Die God van die Hebreërs het oor die verwaande koning van Assirië getriomfeer. Jehova se Naam en reputasie is voor die buurnasies in ere herstel, en in Jerusalem het die mense behoorlik oorgeloop van heilige vreugde” (Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 361). Wat meer is: as Sanherib Jerusalem ingeneem het, sou hy die bevolking op so ’n wyse gedeporteer het dat die Judeërs hul identiteit kwyt sou wees, wat inderdaad met noordelike Israel gebeur het. Vanuit ’n bepaalde invalshoek sou daar dus geen Joodse volk gewees het wat die Messias kon voortbring nie. Dit sou basies die “end van die prent” vir die Jode gewees het. Gelukkig het die Here hulle weer hoop gegee.

In welvaart en siekte (*Jesaja 38 en 39*)

Die gebeure in Jesaja 38 en 39 (2 Kon. 20) ontvou baie na-aan die tyd toe God Hiskia en sy landgenote uit die kloue van Sanherib gered het; hoewel daardie redding, wat in Jesaja 37 beskryf word (*lees ook 2 Kon. 19*), nog nie plaasgevind het nie. Jesaja 38:5 en 6, asook 2 Konings 20:6 toon inderdaad dat Assirië toe nog 'n bedreiging vir Juda was. “Satan was vasbeslote om die dood van Hiskia en die val van Jerusalem te bewerkstellig; en het gemeen dat as Hiskia eers uit die weg geruim is, sy pogings tot hervormings in Juda tot 'n einde sou kom en dat die val van Jerusalem sodoende makliker vermag sou kon word” (die *SDA Bible Commentary*, vol. 4, bl. 240).

Wat sê die bogenoemde aanhaling vir 'n mens oor die belangrikheid van goeie leierskap in God se volk?

Watter teken gee die Here aan Hiskia ten einde sy geloof te versterk? 2 Kon. 20:8-10 en Jes. 38:6-8.

Deur die verwerping van 'n teken wat God bereid was om hom te gee (*in Jes. 7*), het Agas 'n reeks gebeure ontketen wat tot Juda se probleme met Assirië gelei het. Hier is dit egter Hiskia wat die Here om 'n teken vra (2 Kon. 20:8). Met krag van Bo is hy in staat om die krisis wat sy oorlede pa veroorsaak het, te ontloot. Die skaduwee wat tien trappe teruggeskuif het op Agas se sonhorlosie was inderdaad slegs iets wat die Here kon vermag. Die Babiloniërs het die stand van die hemelliggame fyn dopgehou, waarna dit noukeurig aangeteken is. Hulle sou dus die son se vreemde gedrag raakgesien het en sou wou weet wat dit beteken het. Die feit dat koning Merodak-Baladan in daardie tyd gesante na Juda gestuur het, is geensins verbasend nie, aangesien die Babiloniërs van die verband tussen Hiskia se herstel en die wonderteken aan die son te hore gekom het.

Waarom die Here hierdie spesifieke wonderteken gekies het, maak nou sin. Net soos Hy later die Betlehem-ster gebruik het om die wyse manne uit die Ooste na Jesus te bring, het Hy 'n verskuiwing in die stand van die son gebruik om gesante vanuit Babilon na Juda te bring. Vir hierdie Babiloniërs was dit net mooi die regte geleentheid om meer van die ware God te leer. Merodak-Baladan het sy lewe lank probeer om Assiriese oorheersing af te skud en permanente onafhanklikheid vir Babilon te bewerkstellig. Daarvoor het hy egter sterk bondgenote benodig. Dit verklaar waarom hy na Hiskia uitgereik het: dink net aan alles wat met Assirië kon gebeur, siende dat die son op versoek van Hiskia geskuif het...

Vir verdere studie:

“Dit is slegs deur Goddelike ingryping dat die skaduwee op die sonhorlosie met tien trappe sou kon terugskuif – die teken dat die Here Hiskia se gebed verhoor het. Soos dit in die Skrif opgeteken is: ‘Die profeet Jesaja het die Here aangeroop, en Hy het die skaduwee wat reeds teen die trap van Agas afgesak het, tien trappe laat terugskuif’ (2 Kon. 20:8-11, NAB)” (Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 342). “Die besoek van hierdie afgesante, gestuur deur die koning van ’n verre land, was ’n gulde geleentheid vir Hiskia om die Here [voor sy gaste] te vereer. Dit het tog geen moeite geveg om hulle van die lewende God te vertel nie; van die een wat die ganse skepping in stand hou, die een wat hom goedgunstiglik genees en uit die kake van die dood gered het toe alle hoop beskaam het... “Trots en ydelheid het egter oorgeneem. So het Hiskia dan uit pure eiewaan die skatte wat God aan sy volk geskenk het aan sy gaste getoon, aan mense wat daardie skatte met begerige oë bekyk het. Hiskia ‘het ook vir hulle alles gewys wat hy in sy skatkamers gehad het – die silwer en goud, kruie en geurige olie. Hy het ook vir hulle sy wapenkamer en al sy skatte gaan wys. Daar was niks in sy paleis of in sy koninkryk wat Hiskia nie vir hulle gewys het nie’ (Jes. 39:2, NLV). Hierdie dinge het die koning nie tot eer van die Here gedoen nie. Nee, dit het oor die eie-ek gegaan, om aansien by die Babiloniese prinse te verkry” (*ibid.* bl. 344, 345).

Vrae vir bespreking:

1. In watter opsig tree die Assiriese rabshāke net soos Satan op? Praat Satan die waarheid met sy aanklag teen jou en my, naamlik dat ons teen God gesondig het (*Sag. 3:1*)? Hoe reageer die Here op hierdie aanklag wat Satan teen ons inbring? Lees *Sag. 3:2-5*. Wat is ons enigste verweer teen sulke aanklagte? *Rom. 8:1*.
2. Laat vaar Satan sy aanklagte sodra ’n mens deur God vergewe is? Lees *Op. 12:10*. Na jy God se vergifnis ontvang het, hou Satan vol dat jy a.g.v. die sondes van die verlede steeds aan hom behoort. Wat is die aard van hierdie nuwe aanklag? Lees *Deut. 19:16-21* (die wet oor ’n kwaadwillige getuie wat valse dinge sê).

Opsomming: Na Hiskia sy hart voor die Here uitgestort het, verhoor Hy die koning se gebed. So red die Here toe die volk en openbaar Homself sodoende aan hulle. Wie is Hy? – die almagtige Koning van Israel in wie se hande die lot van die ganse aarde is; die God wat nie net diegene vernietig wat probeer om sy volk uit te wis nie, maar ook geleenthede skep vir ander – ongeag hoe “Babilonies” hulle ook al is – om deel van sy volk te word.